Erediens Voorstelle vir Wêreld VIGS-dag 2014

Welkom

Welkom by ons Wêreld VIGS-Dag erediens. Hierdie is die dag waarop ons die mense onthou wat aan VIGS-verwante siektes gesterf het, waarop ons dankie sê vir die ontwikkelinge op die MIV terrein en waar ons onsself opnuut daartoe verbind om seker te maak dat niemand uitgesluit word in ons MIV respons nie.

Daar is baie bereik sedert VIGS meer as dertig jaar terug vir die eerste keer geïdentifiseer is. Die aantal nuwe infeksies in die wêreld het begin afneem, minder babas word met die MI-virus gebore en 11.7 miljoen mense in lae en middel inkomste lande ontvang lewensreddende anti-retrovirale medikasie.

Maar daar is nog meer wat gedoen moet word.

Alhoewel nuwe infeksies sedert 2001 met 38% afgeneem het, was daar steeds in 2013 meer as 2.1 miljoen nuwe infeksies. Daar is steeds meer as 22 miljoen mense wat nie toegang tot lewensreddende medikasie het nie, dit sluit 2 miljoen kinders in. En mense wat met MIV lewe word steeds gekonfronteer deur stigma en diskriminasie, wat voorkoming- en behandelingsprogramme kelder en mense van toegang tot sorg en steun weerhou.

As ons die dag wil beleef waar daar “zero VIGS-verwante sterftes, zero nuwe infeksies en zero diskriminasie is” (soos UNAIDS se visie dit stel) is dit noodsaaklik dat ons saamwerk om te verseker dat die praktiese programme, politieke fokus en finansiële verbintenisse voortgesit word. Terwyl ons dankbaar is vir wat in die epidemie bereik is, wy ons ons opnuut toe daartoe dat niemand uitgesluit word in die MIV respons nie.

Oproep tot aanbidding

Die diens begin met die aansteek van die Advent kers van hoop. As u gebruik nie die aansteek van Advent kerse insluit nie, kan ’n enkele kers voor in die liturgiese ruimte geplaas word. Let op dat ander kerse later in die diens gebruik word.

Leier: Hoop is die lig wat God gegee het aan die begin van die skepping,
Almal: Hoop is ’n gawe van God,

Leier: Hoop is die lig wat God gegee het in die leringe van die profete,
Almal: Hoop is ’n gawe van God, openbaar in die lewe van Christus,
Leier: Hoop is die lig gegee deur God, die Seun van God, die Seun van Maria.

Steek die Kers aan

Leier: Kom ons bid:
Almal: Bron van lig, skyn in ons lewe en in U wêreld met U vernuwende hoop. Ons bid dit in Jesus naam.
Amen.

(Oorspronklik geskryf deur eerw. Mary Whitson, Presbyterian World Service & Development, Canada)

Voorlesing:
Die Gelykenis van die Mosterdsaad. Mark 4:30-31

Liturgie (die regter en linkerkant van die gemeente reageer om die beurt soos aangedui)

Almal: **Wat sal dit vra, o God...**
Links: vir ons om ’n dag te sien met geen VIGS-verwante sterftes, geen nuwe MIV infeksies en geen diskriminasie nie?

Almal: **Wat sal dit vra, o God...**
Regs*:* vir verandering in ons gemeenskap, in ons lewens?

Almal: **Wat sal dit vra, o God...**
Links: vir die verstrooides om byeengebring te word, sodat almal saam mag sing en dans?

Almal: **Wat sal dit vra, o God...**
Regs*:* vir ons om die einde van VIGS te sien?

Almal: **Wat sal dit vra, o God...**
Regs: vir ons, U Kerk, om bevry te wees van onkunde en vrees?

Almal: **Wat sal dit vra, o God...**
Regs: vir ons om te erken dat U Woord vlees geword het en onder ons met MIV kom woon het?

Almal: **Wat sal dit vra, o God vir die sterftes om te eindig en die dans om te begin?**

Samesang:

Spirit of the Living God
Spirit of the living God, fall afresh on me;
Spirit of the living God, fall afresh on me.
Melt me, mold me, fill me, use me.
Spirit of the living God, fall afresh on me.
Spirit of the living God, move among us all;
make us one in heart and mind, make us one in love:
humble, caring, selfless, sharing.
Spirit of the living God, fill our lives with love.

Daniel Iverson, 1926,
http://www.hymnary.org/text/spirit_of_the_living_god_fall_fresh

Liedboek, Lied 442
Gees van God wat in my woon,
breek die Woord vir my.
Gees van God wat in my woon,
kom en heilig my.
Troos my, sterk my, leer my, lei my.
Gees van God, kom heilig my -
breek die Woord vir my.
Gees van God wat lewend maak,
vul my meer en meer.
Gees van God wat lewend maak,
vorm my tot u eer.
Troos my, sterk my, leer my, lei my.
Gees van God, vul my al meer -
vorm my tot u eer.

Leier: Ons is die liggaam van Christus, wat lewe met MIV
Almal: **Die liggaam van Christus, wat lewe met MIV**

Leier: As ons wil, kan ons ’n verskil maak
Almal: ***As ons wil, kan ons help om vernuwing, hoop en vrede te bring.***

Leier: In ons huise, in ons kerk, in ons gemeenskap en in ons wêreld,
Almal: ***In ons liggaam, in ons verstand en in ons gees.***

Leier: Ons susters en broers, ons ouers en kinders leef met MIV.
Almal: ***Ons leef met en sterf van MIV en VIGS.***

Leier: As ons wil, kan die struikelblokke na genesing verwyder word.
Almal: ***Ons kies deernis, ons kies om betrokke te raak.***

Leier: Sal julle betrokke raak met julle geld, met julle tyd, met julle liefde?

Almal: ***Ons is die liggaam van Christus. Ons kies om betrokke te raak tot op die dag van die laaste een;***

- ***die dag van die laaste nuwe MIV infeksie en die laaste baba wat met MIV gebore word,***
- ***die dag waarop die laaste persoon gestigmatiseer of seergemaak word oor MIV of VIGS,***
- ***die dag waarop die laaste persoon sterf aan VIGS-verwante siektes.***

Ons bid en bly betrokke tot op die dag van die laaste een!

Kersseremonie

Hierdie kerse kan deur die kerk versprei word, of voor rondom die adventskrans geplaas word. Een persoon kan genooi word om al die kerse aan te steek terwyl die liturg die teks lees, of vier verskillende persone kan elk 'n kers aansteek.
Hierdie Kers-seremonie is ontwikkel deur Melany Adonis, Dr. Koos van der Vyfer en Aneleh Fourie-Le Roux vir die CABSA VIGS Kerslig Herdenkingsdiens 2014.

Eerste Kers

Voorleser: Terwyl ons hier herinner word aan die MIV epidemie wat soveel lewens regoor die wêreld vernietig het, Here, weet ons dat ons moet volhard en steeds die lig op MIV moet laat skyn. Soos ons hierdie kers laat skyn, word ons ook herinner dat U ons God is. U is die Almagtige God, die opgestane Christus, die liefdevolle Vader en die immer teenwoordige Heilige Gees. Te midde van hierdie krisis beroep ons ons op U en steek ons hierdie kers aan om ons te herinner dat U ons hoop is.

Tweede Kers

Voorleser: Ons steek die tweede kers aan ter herinnering aan miljoene mense wat oor die laaste dekades gesterf het aan VIGS-verwante toestande. Ons onthou veral hulle wat in ons midde gesterf het – ons vaders en moeders, broers en susters, seuns en dogters, vriende, kollegas, werknemers en bure. Dikwels het ons nie eers geweet waaraan hulle gesterf het nie.

Derde Kers

Voorleser: Ons steek die derde kers aan vir die 35 miljoen mense in ons wêreld wat lewe met MIV. Ons steek veral ook die kers aan vir die van ons in die gemeente en die gemeenskap wat met MIV lewe en vir hulle geliefdes.

Vierde Kers

Voorleser: Ons steek die vierde kers aan – om die steeds die lig op MIV te laat skyn, veral vir die van ons wat moeg geword het vir die onderwerp. En nog meer ook vir die van ons wat steeds dink dat MIV nie die kerkgemeenskap se saak is

nie. Laat ons steeds lewe en wek om versoening en hoop te bring in ’n wêreld met MIV.

Kom laat ons bid….

Liefdevolle God,
wat nooit moeg word nie en ons steeds dra:
Ons is ’n gebroke wêreld –
geïnfekteer en geraak deur MIV.
Ons is
hartseer as ons dink aan geliefdes wat gesterf het,
dikwels magteloos as ons aan die virus dink,
kwaad oor sisteme wat mense steeds magteloos en kwesbaar hou.
Seën ons,
en versterk ons,
sodat ons kan voortgaan…
Lei ons
Sodat ons opstanding en nuwe lewe ervaar.

AMEN

Samesang

Liedboek 247: Kyrie Eleison

Oordenking: Op pad na die “zero’s”

Kerkleiers het vroeër die jaar, op die die vooraand van die Internasionale Vigskonferensie, in Melbourne bymekaargekom. Die adjunk-direkteur van UNAIDS, Luiz Loures, het hulle verseker dat ’n omvattende respons op die epidemie nie moontlik sal wees sonder die voortgesette betrokkenheid van geloofsgemeenskappe nie.

“We have the tools. We have the science that we need. Yet there is no way to treat people if they have no access to care because they are afraid, or because they are women, or because they are a migrant, or because they need to hide to survive,” het Loures gesê.

Die gelykenis van die mosterdsaad herinner ons hoe klein saadjies groot bosse kan word, hoe klein en klaarblyklik onbelangrike aksies groot impak kan hê.

Dit is tyd dat ons saamstaan en ons pogings verenig sodat ons nie momentum verloor in ons stryd teen MIV nie. Dit is tyd dat ons ernstig besin oor wat nodig is om die drie zero’s van die UNAIDS visie te bereik: “zero VIGS-verwante sterftes, zero nuwe MIV infeksies en zero diskriminasie”.

Luister na hierdie stemme, hierdie woorde van wysheid en hoop, uit die Skrif en van medegelowiges

Stem 1:

Die eerste reaksie van baie mense wat uitvind dat hulle MIV positief is, is steed kommer en wanhoop: Sal ek toegang hê tot gesondheidsorg en behandeling? Sal my familie en gemeenskap my aanvaar en ondersteun?

Vir mense wat met MIV lewe of daardeur geraak word, kan ’n ‘redder’ na 'n verre of onrealistiese idee voel. Juis dan moet ons God se reddende krag en liefde onthou. MIV en VIGS mag in sekere gemeenskappe steeds ’n verbode onderwerp wees, maar God kan vernuwing en hoop in die onwaarskynlikste plekke en mense bring

Laat ons almal – geïnfekteer en geaffekteer – daarom bid dat God se lig oor ons skyn en ons harte met sy Gees vul, sodat ons boodskappers van hoop en liefde kan wees. Sodat ons glo dat mét God alles moontlik is en dat ons steeds alles in ons vermoë doen om te verseker dat alle mense toegang het tot MIV-voorkoming dienste en inligting, tot MIV medikasie en tot die onvoorwaardelike versorging en ondersteuning wat hulle nodig het.

Dr Asomba Tobias is die Uitvoerende amptenaar van die “Christian Community Health Care Foundation” (COHECF), ’n nie-regerings organisasie in Kameroen.

Skriflesing: Lukas 1:39-45

Stem 2:

Verward en radeloos het Maria haastig Galilea verlaat – ’n maagd, maar tog swanger. Sy was bang dat haar bure, familie en vriende haar sou verwerp as hulle van haar toestand bewus raak. Diep beswaard het sy by Elisabet aangekom, net om te hoor dat Elisabet haar “geseënd” noem. Dit het Maria verseker dat God met haar was en haar die krag gegee om dit wat voor lê die hoof te bied.

Elisabet wys vir ons hoe ons vandag op MIV kan reageer. Veral vroue wat geïnfekteer is word te dikwels verwerp, mishandel en uitgesluit uit die samelewing. Dikwels word hele gesinne vermy en uitmekaargeskeur. In sulke omstandighede moet ons soos Elisabet wees. Ons moet help om ’n warm en ondersteunende omgewing te skep waar almal liefde, deernis en aanvaarding kan ervaar wat hulle in staat sal stel om ten volle te lewe.

Hierdie ervaring sal weer lei tot verhoudings waar ons in heelheid en versoening kan lewe en die koninkryk van God sigbaar maak.

Beryl Logan koördineer die “HIV and AIDS Desk” van die “United Evangelical Lutheran Churches in India”

Skriflesing:

Lukas 18:1-8

In hierdie teks hoor ons twee stemme: Die magtige regter en die magtelose weduwee.

Daar is baie verhale in die Bybel waar ’n skynbaar magtelose persoon teenoor een gestel word wat baie magtig voorkom.

Maar in hierdie verhaal is die weduwee nie werklik magteloos nie, want sy het wilskrag en ’n dapper hart. Sy word nie maklik deur die magtige opponent ontmoedig nie en sy glo in haar saak, sy baklei vir reg en regverdigheid!

Beide hierdie karaktertrekke is ook nodig as ons ’n verskil wil maak op die MIV terrein.

As gelowiges glo ons dat dit geregverdig is om op te staan teen diskriminasie – om te stry vir gelyke verspreiding van bronne sodat alle mense, waar hulle ook al op hierdie aarde lewe, gelyke toegang tot voorkoming, behandeling en versorging kan hê. Hierdie oortuiging behoort ons die moed te gee om op te staan en die wat regverdige oplossings teëstaan elke keer uit te daag, hetsy in kerke, besighede of in die regering.

Jesus wou Sy dissipels ’n belangrike les oor God en volhardende gebed leer. Hy het gesê dat as selfs ’n onregverdige regter na volhardende pleidooie luister, hoeveel te meer sal God nie na sy kinders luister nie.

Dit is waar. Ek wonder hoeveel mense bid tans vurig dag en nag omdat hulle rou oor geliefdes en omdat hulle vir God vra wanneer hierdie leiding sal eindig.

Ons word verseker dat God sal luister as ons bid. Soek ons nie almal tekens dat die gety uiteindelik besig is om te verander nie; Tekens dat kerke bewus word van hulle rol, dat globale solidariteit besig is om te vermeerder en dat ons uiteindelik MIV sal oorwin?

Ons is nog nie daar nie, ons moet aanhou bid en hande vat om saam te werk met kerke, met ander organisasies en met alle mense wat die droom deel.

Laat ons God vra om ons werk te seën.

Dr. Christoph Benn uit “Worship Resources for World AIDS Day, The Ecumenical Advocacy Alliance”

Intersessie gebede

God van Hoop
Ons woord almal geraak deur MIV en VIGS.
Tydens hierdie tyd van advent-hoop,
terwyl ons voorberei op die koms van U Seun in die wêreld,
is ons dankbaar vir tekens van hoop,

vir groter kennis en begrip,
vir mediese ontwikkelinge,
vir veranderings in houdings en gedrag,
vir groter bewuswording en betrokkenheid van U kerk.
Almal: Here hoor ons, Here hoor ons in U genade

God van Eenheid,
bind ons saam met die sterk bande van liefde,
sodat alle kerke plekke sal wees waar almal aanvaarding kan vind.
Mag ons kerke gasvrye ruimtes wees vir almal wat deur MIV en VIGS geraak word,
mag hulle plekke wees waar versorging gegee en ontvang word,
veral vir kinders en jongmense,
waar stories vertel en gehoor word,
waar vrees deur liefde oorwin word,
waar U teenwoordigheid ervaar kan word.
Almal: Here hoor ons, Here hoor ons in U genade

God van belofte,
Ons glo die einde van die VIGS epidemie is in sig!
Gee ons die moed om die wedren te voltooi.
Ons pleit by U in gebed en in aksie,
vir ’n dag wanneer almal toegang tot inligting en opvoeding sal hê;
vir ’n dag wanneer almal wat dit nodig het toegang tot bekostigbare en hoë gehalte behandeling sal hê;
vir ’n dag wanneer almal aanvaar en ingesluit word en ondersteuning en versorging ontvang.
Bevry ons van ons sinisme, ontkenning, selfsug en luiheid,
Mag ons U verras, soos U ons verras!
Almal: Here hoor ons, Here hoor ons in U genade

Seënwens
Mag die God van Hoop ons vul met vreugde en vrede in geloof, sodat ons oorvloedig hoop mag hê deur die krag van die Heilige Gees. Mag die God van hoop deur ons werk sodat zero VIGS-verwante sterftes, zero nuwe infeksies en zero diskriminasie ’n werklikheid word.

Voorberei deur Karen Plater, “Presbyterian World Service and Development (Canada)” uit materiaal van EAA en lede van EAA.

Vertaal en verwerk deur CABSA.

Ecumenical Advocacy Alliance www.e-alliance.ch
Christian AIDS Bureau for Southern Africa www.cabsa.org.za